

OORDREWE FYNGEVOELIGHEID

Daar is mense wat so liggeraak is dat wanneer jy net met jou pinkie aan hulle raak blaas hulle hulleself op soos `n brulpadda.

- Dit is dié mense wat `n lewensvelletjie van melk het en daarom so maklik verwond raak as iets hulle net aanraak.
- Dit is dié mense van wie die nerfies so dun is dat `n effense skewe woordjie wonde slaan wat vir hulle voel asof hulle naby die dood kom.
- Dit is dié mense wat met “buurtwag-oë en -ore” dophou en luister wat ander aan hulle doen of vir hulle sê, sodat hulle die kwetsende wonde met wraak en vergelding kan wreek.

Ek is seker u ken ook sulke mense. Jy is eintlik te bang om met hulle te skerts en te lag.....want jy moet jou woorde altyd keurig en afgemeet kies.....of anders tas jy hulle sensitiewe karakter en breekbare persoonlikheid so maklik aan.

By dit alles moet ons erken dat om fyngevoelig of fynbesnaar te wees ook `n baie mooi deug kan wees. Dit is om `n fyn gevoel te besit oor dinge van die lewe. `n Keurige, verfynde, gawe gevoel wat in balans gebruik kan word. Dit is `n baie mooi deug. Die teenoorgestelde van `n fyngevoelige mens is `n bot, buffelagtige, dikvellige, hardekop mens. Dit is iemand wat afgestomp en pynlik ongevoelig is vir die mooi dinge van die lewe en die ragfyn weelde van tussenmenslike verhoudinge.

Waar fyngevoeligheid `n deug is lê daar gevaar in oordrewe fyngevoeligheid. `n Mens met oordrewe fyngevoeligheid is besig om homself te verafgod.

In `n oordrewe fyngevoelige mens broei die kieme van *agterdog* teenoor medemense. Dit is om slegte motiewe in die woorde en daede van ander te soek, waar dit nie is nie. Oordrewe fyngevoeligheid is die sonde van selfoorskating en verwaandheid. Dit bring jou tot kwade denke, en selfgesentreerdheid. Die geneesmiddel teen oordrewe fyngevoeligheid is 1 Korintiërs 13. Daar leer ons die belangrike waarheid van die liefde en die praktiese toepassing daarvan.

Dr. Nico van der Merwe.



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6

Sondag 8 Mei 2011

Nommer 13

POLITIEKE VERDAGMAKERY. ‘N SKANDE!

Dit is verkiesingstyd. Die deelnemers 'n groot aantal politieke partye. Die belangrikste metode: *verdagmaakery*. Hoe kleiner jy jou opposisie maak hoe groter word jou eie beeld. En een manier om 'n opponent te benadeel is om verdag te saai teen hom. Dit is 'n horingoue politieke metode. Dit is maklik om iemand se optrede en bedoelinge met `n paar woorde *verdag* en *twyfelagtig* te laat voorkom of hom as 'n leuenaar uit te beeld. Die politieke lewe is vol hiervan. Hoeveel mense het jy die afgelope week gehoor wat `n ander persoon se optrede of persoonlikheid teenoor jou verdag gemaak het? *Verdagmaak* is om iemand se optrede of persoonlikheid *agterdogtig* voor te stel, asof die persoon net kwaad bedoel, net leed vir aandoen en net van plan is om jou te na te kom.

Verdagmaaking is Satanswerk!


- Satan het God verdag gemaak by Eva [Gen.3:1,4,5].
- Satan het Job verdag gemaak by God [Job 1 & 2].
- Die Jode het Jesus verdag gemaak by die Romeinse owerheid [Matt.27].

Verdagmaaking is om *leuens* van `n ander persoon te vertel. Dit is satanswerk: want *die Satan is die vader van die leuen* [Joh.8:44]. Wie `n ander persoon verdagmaak speel in die hande van die Satan. Die “*storie*”, die “*feite*” van die verdagmakers berus *nooit* op die waarheid nie! Die kern van verdagmaakery is altyd leuens.

- Mense wat ander mense wil verdagmaak wil daarmee `n sekere *stemming* wek wat hulle eie twyfelagtige standpunte moet ondersteun.
- Mense wat ander mense verdagmaak het met die wegspring al nie `n goeie saak nie, want hulle saak kan nie op `n goeie, openlike, eerlike manier bevorder word nie en moet leuens as hulpmiddel gebruik.
- Sodra verdagmaakery, onderduimsheid, agterbaksheid, skelmstreke, knoeiery, vuilspel nodig is om jou saak te propageer, *het jy geen eerlike saak nie*.

Elke eerlike en opregte standpunt kan met eerlikheid volgens die reëls gedy solank dit die waarheid dien en daarop gemik is om die Naam van die Here tot eer te strek. Dit is te veel van politieke partye ver wag!

Dr. Nico van der Merwe.

**PREDIKING VANDAG****Oggenddiens:** Dr. Nico van der Merwe**DIE CHRISTEN IN VOLK EN MAATSKAPPE**Teks: Jesaja 8:12-13

Juda sê daar is 'n sameswering teen hulle. Daarin verwys hulle na die vyande wat hulle van buite die landsgrense bedreig. Die dreiging is die Siro-Efraimitiese oorlog van 734-732 voor Christus. Die buitelandse konings Resin en Peka se Leërs bedreig Juda. Jerusalem is in groot vrees vanweë die vyand. Hulle sê: “God sal ons beskerm”. Dan kom Jesaja met die waarheid na vore: Die Here is die “Samesweerder”. Dit is God wat julle bedreig. God word vir sy volk 'n vyand omdat hulle in sonde volhard. Juda was onder die valse veronderstelling dat God hulle Beskermer en Redder is. God is teen hulle! Is ons werklike vyande die ANC, SAKP, PAC, korrupsie, moord, diefstal, verkragting, misdaad? Of verduur ons vandag die tugtende hand van die Here?

**Aanddiens:** Ds. Jan-Carel Erasmus**DIS SO UITERS NODIG DAT DIE GROTER PRENTJIE AS EIE BELANG, DIE DEURSLAG MOET GEE**Teks: 1 Samuel 30:22-25

Op vlug voor Saul is Dawid vir jare in 'n baie onnatuurlike en onaangename posisie. Onmoontlik om sy 600 “bende-weermag” vooraf behoorlik te keur. Slegte mense, deugniete is onder hulle. Juis die individue as drukgroep gedra hulself baie selfsugtig. Eiebelang het hulle tragies harteloos gemaak. Uitstaande leierskap is deur Dawid bewys: Almal moet deel in die afgeneemde lewensmiddele wat die Here vir hulle beskik het. In ooreenstemming met Bybelse voorskrifte van vroeër (vgl. Num.31:26 e.v.; Jos.22:8). Swerwers, vreemdelinge, vlugteling en lyers in ballingskap het as God se geroepenes soos Dawid, belangrike take gehad. As ek praat van die groter prentjie, die groot saak van die koninkryk van God, en hoe dit op uitnemende en aangrypend-selfopofferende wyse bo eie belang gestel is, sien dit op Jesus.

**PERSONALIA**

- Ons is dankbaar om te kan verneem dat dit beter gaan met **br. At Kruger** se moeder en dat sy ontslaan is uit die hospitaal in Pretoria.
- **Br Willem de Jager** is verlede Sondag in die Sunningdale-kliniek opgeneem na vermoedelik 'n ligte beroerte. Ons is dankbaar dat dit onder omstandighede beter gaan.
- Hartlik geluk aan **Peet en Lena Buys** met hulle jongste dogter, Petro, wat op 23 Mei 2011 haar Honns. B.Com.-graad ontvang.
- **Br. Jan en sr. Santa van der Walt** gaan binnekort die voorreg hê om Amerika toe te gaan. Br. Jan moet gaan i.v.m. sy werk, en later gaan sr. Santa by hom aansluit en 'n bietjie vakansie hou, o.a. in Orlando. Ons wens hulle 'n voorspoedige reis en 'n verrykende tyd toe.
- **Sr. Martie Venter** en haar dogter Ester, vertrek hierdie week op 'n 14 dae toer deur Slowenië. Hulle word 'n veilige reis toegewens en 'n vreugdevolle toer.
- **Br. Peet van der Walt** soek iemand om op Vrydag 20 Mei 2011 saam met hom na Bloemfontein te ry en terug te kom op Maandag 23 Mei 2011. Skakel hom asseblief by telefoon **018-468-7432**.

**BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA****BEROEPE ONTVANG**

- Ds. LJ Buys van Rustenburg-Wes na Benoni as medeleraar.
- Ds. ASA de Bruyn van Wilropark na Bellville.
- Ds. MJ Erasmus van Pretoria-Wonderboom-Suid na Oos Londen.

BEROEPE BEDANK

- Ds. TF Dreyer van Randburg na Potchefstroom-Oos as medeleraar.
- Ds. JP Kruger van Wapadrant na Krugersdorp as medeleraar.
- Ds. LAS Nel van Elandskraal na Zeerust.



- ◆ Jy is wat jy met jou stilte doen (Baron Von Hügel).
- ◆ Die gevaarlikste sonde is om van geen sonde bewus te wees nie (Jonathan Edwards).

KOLLEKTE VIR BYBELVERSPREIDING

Die kollekte vandag in die *sakkies teen die muur* is 'n spesiale kollekte vir **BYBELVERSPREIDING**. Die mikpunt wat gestel is, is dat elke belydende lidmaat R25 per jaar vir Bybelverspreiding sal bydra. Gedurende 2010 het die gemeente die volgende bedrag bygedra:

- Bydraes in koeverte van die wyke R 3460.00
 - Kollektes by deure R 1703.00
 - Muntlegging 30 Oktober 2010 R 2145.00
 - Donasie vanaf diakonie R 5750.00
- TOTAAL: R13058.00

Om **R25** per jaar vir die belangrike verantwoordelikheid van Bybelverspreiding by te dra is werklik minimaal. Dit is net **R2.08** wat jy per maand moet bydra of **48c** per week. Dit kom neer op **7c** per dag. Jou daaglikse koerant kos R6.50 en jou Sondagkoerant kos R14. Vir jou weeklikse tydskrifte betaal jy al meer as R25. Gemeet teen hierdie uitgawes is **R25.00** per jaar om die Woord van God uit te dra minder as niks. **Wie in die gemeente gaan besluit om R25.00 per maand vir Bybelverspreiding by te dra?**

Die program vir fondsinsameling vir Bybelverspreiding vir die res van die jaar is die volgendeis:

- ⊗ Op 30 Oktober 2011 sal daar 'n **kollekte** asook 'n **muntlekking** wees.
- ⊗ **Koeverte** sal met huisbesoek in Augustus DV deur die ouderlinge uitgedeel word met die oog op die insameling van bydraes vir Bybelverspreiding voor die nagmaal van 28 Augustus 2011.

**KINDERHUIS**

Die Diakonie vra **nege** vrywilligers om elk 'n spesiale bederf-pakkie en 'n briefie van aanmoediging aan 9 seuns in die Paul Kruger Kinderhuis, Pretoria saam te stel. Dit is om hulle aan te moedig tydens die komende halfjaar-eksamen. Houers is by sommige uitgange beskikbaar. Die pakkies en briefies moet asseblief voor of op 5 Junie 2011 aan die skakelpersone terugbesorg word, sodat dit aan die seuns afgelewer kan word. Die nege seuns is deel van die Bonsai-groep, wat deur die Diakonie "aangeneem" is.

Skakelpersone: Hanlie Mocke, Martie Venter

**SUSTENTASIE – GEREFORMEERDE KERK KHUMA**

Op die Olyfberg gee Jesus Christus aan sy apostels (en dus ook aan ons) die opdrag: "Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies..." En omdat Hy weet hulle (en ons) kan dit nie in eie krag doen nie, voeg Hy by: "En kyk, ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld"(Matt.28:19-20).

In die lig van hierdie opdrag, is dit 'n groot voorreg vir ons gemeente om as instrumente in die uitbreiding van sy Koninkryk gebruik te word. Met nederigheid en dankbaarheid kan ons verklaar dat Klerksdorp-Noord help sodat die Woord elke Sondag in die Gereformeerde Kerk Khuma verkondig kan word. Deur ons hulp word Khuma in staat gestel om hul ampte as profete, priesters en konings uit te voer. So maak Jesus Christus gebruik van mense – hul talente, vermoëns, selfs hul besittings en geld (Hand.2:45) – om daagliks toe te voeg tot sy kerk, hulle wat Hy uitverkies het.

Die kerkraad wil die gemeente bedank vir gereelde bydraes. In die woorde van Johannes aan Gaius (3 Joh.5 e.v.): "Liewe Gaius, jy handel reg in wat jy vir jou medegelowiges doen.....Help hulle asseblief op hulle verdere reis, op 'n wyse soos God dit verwag.....Dit is dus ons plig om sulke mense te onderhou, sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid."

Oudl. Peet Buys



DIAKONIE

Die winter is om die draai! Die Diakonie loods weer binnekort, soos verlede jaar, die projek: **Winterwarmte**. Leë emmers sal aan lidmate beskikbaar gestel word om te vul met nie-bederfbare kruideniersware. Dit word dan uitgedeel aan hulpbehoewende gesinne in ons eie gemeente, asook buurgemeentes in die KOSH-area. **Ons maak weer staat op u vriendelik samewerking!**



WEBWERF VAN DIE GEMEENTE

Diak. Konstand du Plessis vra uit die gemeente voorstelle vir die opgradering van die webblad van die gemeente. Dit kan aan hom gestuur word na web@gkklerksdorpnoord.co.za.



GEMEENTEBOU- EN GELOOFSVERRYKING

'n Daguitstappie wat oorspronklik vir 16 April 2011 beplan is, is deur die ontvangs van dr. SP van der Walt vervang. 'n Ander geleentheid sal nou vir September 2011 DV beplan word.



LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD

Sondag 15 Mei 2011

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 28:6-7	Bl. 133	Psalm 108:1 & 2	Bl.542
2.	Psalm 48:1-2	Bl. 246	Psalm 18:11 & 12	Bl.75
3.	Psalm 32:3	Bl. 152	Psalm 103:3 & 9	Bl.504
4.	Psalm 148:1	Bl. 711	Psalm 76:2, 5, 6	Bl.380
5.	Psalm 77:1	Bl. 384		
6.	Psalm 98:3 & 4	Bl. 489		
7.	Psalm 38:1, 7, 8	Bl. 195		
8.	Skrifberyming 5-4: 1, 5, 6			

KOLLEKTES


Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
15 Mei	Barmhartigheid	Bybelverspreiding
22 Mei	Barmhartigheid	Emeritaatsversorging
29 Mei	Barmhartigheid	Emeritaatsversorging



GEMEENTEPROGRAM

Sondag 15 Mei tot Saterdag 21 Mei 2011

Sondag 15 Mei 2011	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 15 Mei 2011	Katkisasie Les 10	10.30-11:00
Sondag 15 Mei 2011	Erediens	18:00-19:00
Donderdag 19 Mei 2011	Vergadering Ouderlinge	10:00-11:00



TEESKINKBEURTE

Sondag 15 Mei 2011	Wyke 7 & 8
Sondag 22 Mei 2011	Geen teeskink - Nagmaal
Sondag 29 Mei 2011	Wyke 11 & 12

VERJAARSDAE

16 Mei	Stienie Havinga	Wyk 6	076-525-2264
20 Mei	Liana Gainsford	Wyk 3	018-462-1183
20 Mei	Jan de Klerk (Jr.)	Wyk 12	018-468-3831
20 Mei	Anton vd Westhuizen	Wyk 24	018-468-3553

Hartlik geluk met u besondere verjaarsdag. Mag die Here julle besonderlik seën en kroon met sukses in die nuwe lewensjaar.



NAGMAAL EN GESAMENTLIKE MIDDAGETE

Volgende Sondag vier ons DV die sakrament van die Heilige Nagmaal. Ná die Nagmaal-erediens word die gemeente uitgenooi na die gebruiklike bring-en-braai onder die afdakke vanaf 12:00. Vuur sal voorsien word. Almal bring eie vleis, 'n slaai (vir 'n gesamentlike opskeptafel), eie drinkgoed, eetgerei en stoele. Kom kuier lekker saam.

